SANGERS SKITTER OP STELLENBOSCH

ONS MUSIEK SKIELIK IS BYDERWETS

MUSIEK EN LIRIEK, met Louis van Rensburg, Clarabelle van Niekerk, Laurika Rauch en Anton Goosen. In die Oude Libertas-Amfiteater, Stellenbosch.

ENIGIEMAND wat nog skepties is oor die meriete van die nuwe Afrikaanse ligte musiek, moet vandeesweek na *Musiek en Liriek* gaan luister: dit is 'n pragprogram wat 'n mens op die plek geweldig lekker laat voel oor wat die kunstenaars bereik het. Elkeen met 'n oop gemoed — dit is nodig, want dit is 'n groot verskeidenheid musikale tradisies waaruit hierdie musiek ontstaan het — sal voel wat ek Maandagaand gevoel het: ons musiek is skielik byderwets.

Bygesê, die sangers het Maandagaand ondanks probleme met die klankapparaat gepresteer.

Die program begin met Louis van Rensburg, 'n sanger wat homself op die kitaar begelei, en 'n sterk folk-inslag toon. Hy is waagmoedig met sy materiaal, en die vrugte wat hy pluk, is welverdiend. Sy toonsetting van Opperman se „Sprokie van die Spikkelkoei" het nie Maandagaand volkome oortuig nie, maar sy vertolkings van „Hier by jou" en „Sy is sy" het heerlik op ontvanklike ore geval. Van Rensburg het 'n sterk stem, en hy was ideaal geskik om die gehoor se toegeneëntheid te wen.

Clarabelle van Niekerk is musikaal so ver van Van Rensburg verwyder dat 'n mens nie ander kon as om van die kontras bewus te wees nie. Haar musiek is Afrika-georiënteerd: bongo-tromme, 'n bastrom, 'n kitaar, baskitaar, klavier en saxofoon begelei haar sang.

Deur KERNEELS BREYTENBACH

Van Niekerk het 'n bekoorlike verhoogpersoonlikheid, warm en sensueel met 'n element van kinderlike naïwiteit in haar geselsies tussen die nommers. Haar musiek het my onverhoeds betrap. Buite die duidelike Afrika-element, is daar dikwels komplekse konstruksie van musiek waarin folk-, rock- en veral jazz-invloede te bespeur is. Daardeur temper sy die protes in die liedjies met 'n bietjie musikale wulpsheid.

elke oomblik geniet en dié warmte straal uit haar en deur haar sang tot die gehoor.

Ek kan nie een lied uitsonder nie — almal was in die kol. Die afwisseling en opeenvolging in haar keuse van materiaal het baie tot haar welslae bygedra. Toe sy klaar was, het ek begin wens die aand kan 'n paar dae lank aanhou. John Ferrier het haar baie bekwaam begelei.

Anton Goosen, die man wat aan die voorpunt van die herlewing in ons liederekuns staan, is deur probleme met sy klankapparaat verhinder om die program op dieselfde hoë noot voort te sit. Dat hy nogtans daarin geslag het was die gezoem van die een klankversterker, wat die hele eerste helfte van die program gehinder het, opvallend. Sy het 'n ander soort verhoogkrag as Van Niekerk: sy sit op haar stoel en dra jou met die trefkrag van haar stem en vertolking. Dit lyk of sy om beheer te herwin, spreek boekdele vir sy verhoogvernuf. Hy het 'n losse verhoogstyl, onopgesmuk, en wanneer hy eers op dreef is, sal alleen 'n humorlose mens nie voor hom swig nie. (Miskien ook diegene wat nie kennis dra van wat die afgelope twintig jaar in pop musiek gebeur het nie.)

Goosen het 'n versameling ou en nuwe liedjies uitgevoer. Die gehoor het sy satiriese en humoristiese nommers net soveel as sy ernstiger liedjies geniet. Die stukkie van „Harlekyn" was dinamies vertolk, en sy weergawe van oom Chris Blignaut se „Bosveld Bul" was plesierig.

Garth Erasmus (klavier) het hom goed ondersteun. Ek moet byvoeg dat die ambience van die amfiteater baie tot die sukses van die aand bygedra het.

Dit sal 'n fout wees om te dink dat hierdie kunstenaars se plate genoeg is om 'n opinie te vorm van *Musiek en Liriek* — hul verhoogoptrede oortref dit baie ver. Toe ek Maandagaand na Stellenbosch ry, het ek half beswaard gewonder wat om te verwag. Toe ek terugry, was ek gevul met opwinding. Wat 'n uitstekende program!

LAURIKA RAUCH, een van die kunstenaars wat tans in die Oude Libertas-Amfiteater optree in die program „Musiek en Liriek". Saam met haar op die program is Louis van Rensburg, Clarabelle van Niekerk en Anton Goosen. Ofskoon probleme met die klankapparaat Maandagaand veral vir Goosen gehinder het, was die uitvoering 'n reuse sukses. Lees resensie hiernaas.

HOOGTEPUNT

Daar was geen aanduiding wie haar materiaal skryf nie, maar ek verneem dat die lirieke van Rosa Keet kom. Daar is krag in die lirieke, maar dit is jammer dat Van Niekerk se onbeheerste mikrofoontegniek soms die liedjies verwater het. Roger Bashew (baskitaar) en Mark Ginsberg (klavier en saxofoon) verdien vermelding.

Laurika Rauch se aandeel in die program was sonder twyfel die aand se hoogtepunt. Terwyl sy gesing het,

'n Fout

WEENS 'n fout, is in advertensies aangekondig dat Kruik se opvoering van *Die Fisici* op Saterdag, 8 Maart, sal open, met twee voorvertonings op 6 en 7 Maart. Eintlik open die stuk eers op Woensdag, 12 Maart, terwyl die voorvertonings op 10 en 11 Maart sal plaasvind.

Toneelgangers wat reeds kaartjies vir die verkeerde datums bespreke het, word versoek om dit by die Nico Malan-loket of by een van die Kruik-agente vir 'n ander aand om te ruil.